Weslander

27 September 2007

Klein goudmyn

DIE mariene akwakultuurindustrie aan die Weskus bestaan op die oomblik uit mossel-, oester- en perlemoenboerdery.

Die perlemoenbedryf hier het ongeveer agt jaar terug sy ontstaan gehad. Vandag is daar vier perlemoenplase aan die Weskus, naamlik West Coast Abalone by Cape St Martin, JSP Seaproducts in Jacobsbaai, Abalone Holdings in Paternoster en Atlantic Seafarm op St Helenabaai.

Volgens Marais Smith, direkteur van die Benguela Abalone Group, wat Atlantic Seafarm besit, word perlemoen grotendeels vir die uitvoermark geproduseer. Hulle verskaf op die oomblik hul perlemoen aan 'n inmaakfabriek in Hermanus wat die uitvoere hanteer. Daar is 'n fenominale aanvraag in die buiteland (5000 tot 6000 ton) en geblikte perlemoen verkoop vir enigiets tussen US$28 en US$38 per kilogram lewendige gewig, of R270 per blikkie !

Suid-Afrika produseer maar 'n skrale 900 ton per jaar op veertien plase in totaal. Daar is dus baie potensiaal vir die groei van die bedryf plaaslik.

Volgens Smith is dit nie maklik om tot die bedryf toe te tree nie. Dit neem ongeveer 'n jaar net om al die nodige impakstudies afgehandel te kry, en nog langer as jy nie die bedryf ken nie. Die perseel waar jy wil boer, moet vir landbou gesoneer wees; as jy dus moet hersoneer, neem dit verdere tyd in beslag.

Atlantic Seafarm het in Maart 2006 sy ontstaan gehad nadat Smith vir 'n jaar op Elandsbaai op eksperimentele basis geboer het. Perlemoen neem ongeveer drie en 'n half jaar om bemarkbare gewig te bereik. Dit is dus 'n langtermyn proses. Volgens Smith koop die meeste boere wat begin klein perlemoene aan sodat bemarking vroeër kan plaasvind.

Manlike en vroulike perlemoen word afsonderlik in bakke gehou met seewater wat voortdurend gesirkuleer word nadat hulle uit die see gehaal is. Dit neem ongeveer 'n jaar voordat hulle aan hul nuwe omgewing gewoond is en reg is vir teëldoeleindes. Hul omstandighede word 24 uur beheer en gemonitor, en 'n kragopwekker in geval van kragonderbrekings is 'n absolute noodsaaklikheid.

'n Ses-weeklikse skok in die pH word dan toegedien wat veroorsaak dat sperm en eiers afgeskei word. Dit word uit die bakke verwyder en bymekaar gebring. Na tien ure broei larwes van 200 mikron elk uit.

Benguela Abalone Group se mikpunt is om 350 000 perlemoen per maand te laat uitbroei in hul broeierye. Perlemoen voed op ulva, 'n soort seewier; daarom word daar ook weekliks twee ton ulva geoes, wat in twee damme op die perseel in St Helenabaai gekweek word.

'n Bemarkbare perlemoen weeg ongeveer 100g en is omtrent 80mm in deursnee – jy het dus heelwat nodig om 'n blikkie vol te maak!

Volgens Smith is Benguela Abalone Group reeds ver gevorderd in hul swart bemagtigingsproses. Atlantic Seafarm verskaf werk aan 22 plaaslike mense, buiten Flip Langenhoven, bestuurder en Pierre Joubert, broeiery-bestuurder.

Marais Smith, direkteur van Benguela Abalone Group wat Atlantic Seafarm in St Helenabaai besit, wys hoe lyk perlemoen wanneer hulle ongeveer 8 maande oud is. FOTO: LOUISE BRAND